# SAHARA AVONTUUR REEKS

## 10. Mademoiselle Julie



MEIRING FOUCHE

# MADEMOISELLE JULIE

*deur*

**MEIRING FOUCHE**

en

proeflees en redigering deur
**PIETER HAASBROEK**

*Gepubliseer deur:*

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2025

# MADEMOISELLE JULIE

Die voorblad illustrasie vir die Sahara Avontuur Reeks is deur AI-sagteware gegenereer, wat die narratief verryk. Hierdie boek word vir die eerste keer in Afrikaans in e-boek formaat vrygestel.

Die kopiereg vir hierdie storie is voorbehou en mag nie in geheel of gedeeltelik herdruk of versprei word sonder die uitgewer se skriftelike toestemming nie. Herdrukking sluit enige elektroniese of meganiese vorm in, soos e-boeke, fotokopiëring, skryf, opname op band, of enige ander manier om inligting te stoor of toegang daartoe te verkry. Alle karakters en gebeurtenisse in hierdie storie is suiwer fiktief en het geen verbintenis met enige lewende of oorlede individue nie.

MADEMOISELLE JULIE
deur Meiring Fouche

ISBN 978-1-928498-09-4

Gepubliseer deur:
Skatkis Boeke - Publiseerders, Strand Mews, Strand 7140
Suid Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2025)
Aanlyn Stoor: https://panther-ebooks.com
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

# OPSOMMING

Die verhaal begin by Fort Laval, ’n afgeleë Franse Vreemdelegioen voorpos in die Sahara. Kaptein Gaston Lefevre, die bevelvoerder, verkeer in diepe wanhoop omdat sy dogter, Julie, vermis word. Hy is vasgekeer in die fort, beperk deur sy meerderes se opdragte en verteer deur drank en angs. Die konflik ontstaan wanneer ’n vreemde “ruiter” met ’n pop geklee in Julie se klere, by die fort aankom met ’n belangrike boodskap. Die Doelaks, gelei deur Sjeik Feisan, het Julie ontvoer en eis die oorgawe van die fort in ruil vir haar lewe. Lefevre, verskeur tussen sy plig as ’n legioen soldaat en sy dogter, stem aanvanklik in.

Die verhaal fokus dan op Teuns Stegmann, ’n Suid-Afrikaanse legioen soldaat, wat as vrywilliger aanmeld om Julie te gaan probeer red. Die spanning bou deurgaans op soos die verhaal voortgaan. Die fort word oënskynlik ontruim, maar sersant Zhakof voer ’n muitery uit en neem beheer oor, met die vermoede dat dit ’n lokval is. Theuns word teruggestuur en gevange geneem, terwyl die Doelaks hul ware kleure van ontrouheid en wreedheid wys. Met sy briljante brein en dapperheid poog Teuns om te ontsnap en die situasie te beredder. Intussen ondergaan Lefevre, ook ’n gevange, ’n intense emosionele stryd, gewillig om alles op te offer vir sy dogter, selfs al beteken dit verraad teenoor sy eie manskappe.

Te midde van die toenemende chaos, met die fort nou verlate en die Doelaks in beheer, probeer Teuns en Kaptein Lefevre ’n plan uitvoer om Julie te red. Die spanning eskaleer en verraad en geweld is aan die orde van die dag. Te midde van al die geweld, is daar ook ’n ander onsigbare gevaar wat almal se lewens bedreig. Kan hulle, te midde van verraad en die oorweldigende oormag van die vyand, ’n uitweg vind om nie net Julie se lewe nie, maar ook hul eie, te red? Die antwoord lê in die hart van die woestyn, waar ’n dieper geheim skuil.

## UITTREKSEL

Hy laat hulle kom tot op sewe tree toe hy skielik losbrand. Die woede is weer in hom en hy spring op en staan daar en skiet amper tromp-op onder die Doelaks in. Die voorstes sterf of wyk terug, maar van agter af kom ’n nuwe horde om die hoek. Hy skiet een patroonknip leeg, buk vinnig, steek ’n tweede een in en vuur weer. Hierdie keer is dit vir die Doelaks te veel. Vir die soveelste keer wyk die lasste klompie aanvallers terug, springend en struikelend oor die lyke van hulle medebroers wat in die gang lê. Hulle verdwyn gou om die hoek.

Teuns gryp die oorblywende patroonknip op en spring by die kantoor in. Dit is nou die einde. Wat baat dit om verder te skiet? Hulle sal weer kom en weer en weer. Hy ken die Arabiere so. Hulle sal aanhou aanval totdat hulle hul doel bereik het. Hulle weet goed dat sy ammunisie nie onbeperk is nie.

Hy loop deur na die kamer en in die deur gaan hy stilstaan. ’n Wilde plan het meteens in hom posgevat. As hy na die wapenkamer kan terugkeer en gaan ammunisie haal. Maar hy stel dit dadelik uit sy kop. Hy kan nooit die meisie en haar gewonde vader hier alleen laat nie. Buitendien is hy seker dat dit vir hom doodsake sal wees as hy alleen probeer terugkeer. Hy het nie genoeg ammunisie om ’n pad vir hom oop te skiet nie.

# 10. MADEMOISELLE JULIE

## Hoofstuk 1

### VREEMDE RUITER

Kaptein Gaston Lefevre die middeljarige Fransman met die grys slape en moeë oë, ruk weereens die bottel konjak oor die blad van sy skryftafel nader, skink ’n drinkglas half en slaan dit met twee vinnige teue weg. Toe sak hy met sy voorlyf vooroor, vryf hard oor sy oë en swaai sy kop van magtelose en wanhopige spanning. Soos die afgelope vier dae al, luister hy elke oomblik onbewustelik of die deur van sy kantoor nie wil oopgaan en of die ordonnans nie dalk met ’n nuwe boodskap wil binne kom nie.

Dan kom hy orent en in ’n vlaag van woede slaan hy met sy vuis op die tafel. Maar hy voel nie eens hoe dat die harde hout sy vuis beseer nie, want die drank het hom omtrent al vir alles ongevoelig gemaak.

Behalwe vir die diep, dowwe pyn dat sy dogter verlore is.

Kaptein Lefevre trek weer die radio-kommunikasie boodskap nader wat hy die afgelope paar dae seker al ’n paar honderd maal oor en oor gelees het.

*Bevelhebber Dini Salam aan Lefevre Fort Laval. U dogter Julie uit Hotel Europa vermis. Omvattende ondersoek ingestel. Sal gedurig op hoogte gehou word. Le Clerq, kolonel.*

Net dit. Niks meer nie. En elke dag sedertdien het hulle net ’n radioboodskap gestuur dat daar nog na Julie Lefevre gesoek word.

En hier sit hy vasgekeer in hierdie vlieënes van ’n Fort Laval, honderde kilometers van Dini Salam af, met ’n garnisoentjie van sowat dertig manskappe. Hy, ’n kaptein in die Franse Vreemdelegioen.

Maar dit is wat die bottel aan ’n mens doen. As jou meerderes meen dat jy te veel drink, dan word jy na ’n nes soos hierdie gestuur om oor dertig manskappe bevel te voer. In hierdie uithoek van die Sahara, in hierdie voorste voorpos van die Franse gesag in hierdie onmeetlike, onvriendelike en gevaarlike sandwoesteny.

Gaston Lefevre staan vinnig op, loop wankelend tot voor die venster en staar uit oor die woestyn uit. As hy maar net iets kon doen om na haar te soek, dink hy terwyl die blink hittegolwe wat oor die sanddeining dans, sy oë laat vernou. As hy net iets kon gedoen het. Maar wat kan hy doen vanuit hierdie godverlate uithoek op die aarde? Met dertig man en dit terwyl hy nie eens die vaagste benul het waar sy Julie is nie!

Hy gryp die ysterstawe in die venster vas en ’n oomblik voel dit vir hom asof hy hulle uit die klipmure kan breek. Oor ’n paar dae sou hy en sy garnisoen hier afgelos gewees het en sou hulle na Dini Salam terug gegaan het. Daar sou hy sy enigste dogter ontmoet het, wat spesiaal uit Algiers gevlieg het om hom te kom sien. Na die dood van sy vrou verlede jaar, is Julie al wat hy oor het.

Die gryserige kaptein laat sy kop vooroor sak en hy voel die trane weer in sy oë brand.

“Wat het ek gedoen om dit te verdien?” sê hy met ’n kort snak en ruk magteloos aan die ystertralies. Toe swaai hy om, waggel terug na sy skryftafel, sak op die stoel neer en ruk die konjak weer nader. Konjak, dit is al wat hom troos en moed gee in hierdie verterende krisis waarin hy hom nou bevind.

Gister het hy per radio verlof gevra om ’n soekgeselskap uit Fort Laval te lei. Hy het goed geweet dat dit feitlik nodeloos is omdat hy nie die vaagste benul het waar sy dogter kan wees nie, maar dit het later vir hom gevoel asof hy kan mal word van die wag, uur na uur, dag na dag. Die onsekerheid en vrees vreet aanhoudend aan hom.

Die antwoord op sy versoek was ’n kort en saaklike weiering deur die bevelvoerder van die hoofgarnisoen in Dini Salam, kol. Paul Le Clerq.

Daar was ook ’n streng bevel by, hy mag Fort Laval in geen omstandighede verlaat nie.

Dit is daarom dat Gaston Lefevre nou weer die bottel konjak nader ruk en dit sommer voor sy mond gooi, sonder om die moeite te doen om ’n glas te gebruik.

“Ordonnans!” skreeu hy op ’n baie onvoorbeeldige wyse en toe die verskrikte ordonnans sy kop by die deur insteek, bulder Lefevre. “Gaan na daardie ellendige marconis en vind uit of daar nie weer nuus is nie!”

Die ordonnans drafstap na die radiokamer en hy herinner hom dat dit seker al die honderdste maal is dat hy so onnodig daarheen moet stap, want elke keer wanneer ’n boodskap deurkom, stuur die marconis dit onmiddellik na die bevelvoerder deur.

’n Paar oomblikke daarna kom staan die ordonnans bedug in die deur van Lefevre se kantoor en salueer flink. “Geen verdere nuus nie, *mon Capitaine*,” kondig hy onderdanig aan.

Lefevre gaan aan die lag en dit is ’n lelike, siniese lag. ’n Dronkmanslag wat deur die klein kantoor weergalm, teen die mure vasslaan en dan wegdryf deur die hitte. Hy sukkel orent, klap die konjakbottel bo van die skryftafel af, ruk sy rewolwer uit en skiet ’n blinde skoot deur die tralievenster.

Die verskrikte ordonnans klap die deur sonder seremonie toe en staan bewend en wag op die volgende uitbarsting van die kaptein.

“Ordonnans, konjak!” hoor hy die kaptein hier binne skreeu en hy dra sy knieë na die offisiers-menasie om ’n nuwe bottel drank te gaan haal. Toe hy daarmee terugkeer, sit Lefevre met sy kop op sy arms op die tafel en sy kop swaai stadig heen en weer, terwyl hy aanhoudend sy dogter se naam prewel.

Toe hy opkyk en die ordonnans voor hom sien staan, sê hy baie sag. “Julie... my Julie... sy is al wat ek oor het.”

“*Qui, mon Capitaine*,” is al waaraan die ordonnans kan dink en hy kan nie verstaan hoe dat dit hierdie dieselfde man kan wees, onder wie hy een keer sy pad oopgeveg het uit ’n hinderlaag wat die Arabiere vir hulle gestel het nie. Daardie dag het hierdie selfde kaptein Lefevre vir hulle ’n voorbeeld van doodsveragtende dapperheid gestel, wat seker nie een van hulle lig sal vergeet nie.

En nou sit hy hier soos ŉ kind, sy oë rooi en flou en sy hande bewend.

Maar die ordonnans kan dit goed verstaan. Daarom salueer hy net eerbiedig en gaan uit.

* * *

Manskap Zoelak is ’n Rus wat eens in die Oekraïne ’n Kommunistiese kommissaris met ’n skopgraaf die nek ingeslaan het. Daarna het hy gemeen dat die Vreemdelegioen vir hom die veiligste plek sou wees.

Maar op hierdie oomblik, terwyl hy in die verterende son hier op die wagstellasie van die Fort Laval heen en weer stap, dink hy nie aan daardie ver dag, daar langs die koringlande van die Oekraïne nie. Op hierdie oomblik loop en dink hy deur watter verwronge wonderwerk die Sahara geskep is, hierdie wildernis van hitte, eensaamheid, vlieë en ontbering.

Hy kyk skeef na die son op. Dit kan nie meer lank wees voordat hy afgelos gaan word nie. Hy sug dankbaar en sy swaar stewels klap ritmies verder oor die verweerde plank van die stellasie hier agter die borswerings van die Fort Laval. Hy is nie eens daarvan bewus dat hy ’n Lebelgeweer oor sy regterskouer dra nie en dat hy veronderstel is om wag te staan nie. Al waaraan hy op hierdie oomblik kan dink, is die klomp geld wat hy vir manskap Petacci, die klein Italianertjie skuld. Vanmiddag wanneer hy klaar wag gestaan het, sal hy verder gaan kaart speel. ’n Volle drie maande van sy soldy is reeds aan hierdie uitgeslape klein dobbelaar verpand, maar vanmiddag wil Zoelak darem die bordjies probeer verhang en party van daardie geld terugwen. Hy gaan darem nie vir Petacci vet voer op sy soldy nie!

Zoelak gaan maak sy draai op die suidelike hoek van die borswering, klap sy hakke en swaai om. ’n Oomblik staan hy stil en kyk na die weste uit, meer uit gewoonte as uit iets anders. Dit is die dissipline wat diep uit sy onderbewuste opstyg. Die dissipline wat jou leer om hier in die Sahara steeds waaksaam te wees omdat die gevaar hier maar altyd verborge lê, soos die sand adder wat jy nie maklik sien nie, maar wat jou aan die enkel pik wanneer jy nie op jou hoede is nie.

En toe manskap Zoelak na die weste uitkyk, verstar hy.

Sy oë word meteens baie nou en dit ruk deur sy hart. Werktuiglik klem hy sy Lebel geweer stywer vas.

Hy swaai om en hardloop na die kant van die stellasie, maar toe steek hy vas en draai eers weer na die borswering om. Hy slaan die voorwerp daar voor hom gade. Wat op dees aarde? So ’n affêre het hy nog nooit in sy lewe gesien nie.

En tog, dit is ’n ruiter. Moet wees. Die ding lyk net so snaaks. Dit lyk asof daardie ruiter so stokkerig in die saal sit, byna soos ’n houtpop.

Buitendien, hiervandaan lyk dit soos ’n vroumens. Maar ’n vrou in hierdie deel van die Sahara? Dit is nog heeltemal onmoontlik.

Hy loop tot vas teen die borswering en trek sy oë nog nouer. Hy tuur deur die blink hitte walms oor die gelykte, wat hiervandaan uitstrek tot by die ver kring van die duine, wat Fort Laval omring en dit nog verder van die res van die wêreld afsny.

Gedorie! Wat is dit vir ’n ruiter? Dit maak nie sin vir hom nie.

Zoelak swaai om en draf na die kant van die stellasie. “*Attention*! *Attention*! *Attention*!” skreeu hy op Frans in die rigting van die wagtekamer, daar aan die oorkant van die vierkant hier binne die fort. “Ruiter reg weswaarts... ruiter reg weswaarts... Lyk soos ’n vrou.”

Die sersant van die wagte bars by die wagtekamer uit met ’n verkyker in sy regterhand. Hy hardloop na die trap wat na die borswering opvoer.

Die ander wagte wat net so aan die slaap was soos Zoelak, staan nou ook die verskynsel en aanstaar. Net soos Zoelak kan hulle nie uitmaak wat hier gaande is nie.

Partykeer lyk dit asof die verskynsel op die hittegolwe dryf, maar dit is tog heeltemal duidelik dat dit ’n perd is wat daar aankom. En dit is heeltemal duidelik dat iemand op daardie perd se rug sit. En dit lyk ook betreklik duidelik dat dit ’n vrou is.

Die perd beweeg ook so eienaardig. Dit kom nie doelbewus na die fort toe nie. Dit loop hierheen, dan daarheen en dan gaan dit weer staan. Die perd kyk ’n slag om en peusel dan hier en daar aan die yl kameelbossies wat hier in die woestyn groei.

Dan kom dit weer doodluiters nader gestap.

Sersant Zhakof, die groot Rus en offisier van die wagte, kom staan wydsbeen langs sy landgenoot Zoelak. Hy druk die verkyker voor sy oë en betrag die verskynsel noukeurig.

“*Mon Dieu*!” sê hy eindelik. “Dit is die snaakste ruiter wat ek nog gesien het. Hiervandaan lyk dit soos ’n vroue ruiter, maar dit is so stokstyf dat ek oortuig is daarvan dat dit geen lewende ruiter is nie.”

“Is dit, is dit nie dalk die *Capitaine* se dogter nie, *mon Sergent*?” verneem Zoelak.

Van pure skok ruk Zhakof die verkyker voor sy oë weg. Die sweet skitter meteens op sy bruingebrande gesig en hy het merkbaar bleek geword. Hy staar onseker na Zoelak en dan kyk hy weer na die verskynsel daar in die woestyn.

“*Mon Dieu*!” fluister hy, “ek hoop nie so nie.”

Zhakof is ’n impulsiewe man. Hy gryp Zoelak aan sy skouer. “Gaan haal daardie perd, Zoelak,” beveel hy. “En jy moet draf!”

Zoelak kyk verbaas en onseker na die sersant. “Toemaar, ons sal jou beskerm,” verseker Zhakof hom. “Jy hoef nie bang te wees nie,

duiwelskind en moordenaar van ’n kommissaris.” Zhakof se oë vlam en Zoelak wag nie langer nie. Hy ken die humeur van hierdie reus van ’n man, wat daar niks van maak om jou met ’n Lebel oor die kop te slaan wanneer hy sy humeur verloor nie.

Zoelak draf die trap af, hardloop by die fort uit en maak vinnig spore oor die woestyn met sy oë gedurig op die horison gerig.

Maar die horison is leeg. Net die hitte duiwels dans en baljaar daar.

Zoelak vang die perd maklik. Die dier is klaarblyklik dors. Seker maar daarom dat dit na die Fort koers gekies het. Die Rus se hart ruk van verbasing toe hy die vreemde “ruiter” sien. Hy gryp die perd aan die stang en lei dit op ’n kort draffie teug na die fort, terwyl hy gedurig oor sy skouers loer om te sien of daar nie dalk iets op die horison verskyn nie. Toe Zoelak met die perd by die fort inkom, staan Zhakof op hom en wag. Die sersant hardloop die perd verbaas tegemoet, gryp dit ook aan die stang en staar verbysterd na die “ruiter” op die dier se rug.

Dit is nie ’n lewende ruiter nie. Dit is ’n pop wat van kussings en seil aanmekaar geflans is en wat in die saal vasgemaak is.

Die pop het vroulike klere aan, die klere van ’n volwasse vrou. Nee, eerder die klere van ’n jong meisie. ’n Koue vlaag van skok en afsku trek deur die geharde Zhakof. Hy sluit sy oë ’n slaggie en laat sak dan sy kop.

Dit is toe dat Zoelak Zhakof se aandag op die briefie vestig wat voor die pop se bors vasgesteek is.

Die Rus ruk dit vinnig af. Buite op die briefie staan in duidelike skrif. “Die bevelvoerder, Fort Laval. Dringend.”

Zhakof draf knarsend oor die sand van die binneplaas weg na die kantoor van kaptein Gaston Lefevre. Hy ruk die deur oop en salueer die slap figuur wat met sy gesig op die skryftafel se blad lê.

“’n Boodskap vir u, *mon Capitaine*,” sê Zhakof hees.